



J. NAIDOO. *Tracking down historical myths.* A.D. Donker: Johannesburg, 1989. 205 pp. R27,95 (eksklusief). ISBN 0 868521590.

'n Buitengewone boek soos hierdie word nie gewoonlik deur 'n historikus geskryf nie. Naidoo het agt onderwerpe uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis gekies (onder meer Jan van Riebeeck se beleid teenoor die Khoikhoi, die dood van die Xhosa-opperhoof Hintsa, Piet Retief se verdrag met Dingane en eersgenoemde se dood, en die gebeure by Makapan se grot in die Waterberg in 1854 toe meer as 2 000 swartes omgekom het) en die vertolkings daarvan ontleed as synde van rigtinggewende belang in Suid-Afrikaners se verwringing van hul verlede.

Akademiese historici voel hulself dikwels verplig om binne die hoofstroom van historiese ondersoek te bly en hulle gewoonlik by temas met 'n samebindende strekking te bepaal. Hoewel Naidoo die M.A.-graad aan Unisa verwerf het, beklee hy nie 'n akademiese posisie nie en voel homself minder gebind deur die prioriteite en oorweginge wat dikwels vir akademiese historici van belang is. Dit het sy voordele sowel as nadele: enersyds fokus Naidoo op 'n onderhoudende en dikwels vars wyse op wetenswaardighede van die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat sekerlik verdien om onder die oe van die algemene publiek te kom — en waaraan versigtige akademiese historici hulle waarskynlik nie sou waag nie. Andersyds word mitologisering in geskiedskrywing oorvereenvoudig en oortuig Naidoo die leser nie van die belangrikheid van die mites wat hy identifiseer nie. Trouens, dit is 'n ope vraag of sommige hoegenaamd as mites kwalifiseer.

Mites behels immers veel meer as om bloot vas te stel of 'n sekere vertolking waar of vals is. Dit bevat gewoonlik elemente van waarheid sowel as verdigsel, en dit is juis die elemente van demonstreerbare waarheid wat noodsaaklik is om 'n vertolking tot geloofwaardigheid te verhef. Historiese mites ontstaan nie omdat mense willens en wetens valshede verkondig en glo nie maar omdat bepaalde vertolkings onder bepaalde omstandighede vir mense oortuigend voorkom. Historiese mites word tewens slegs aanvaar indien dit ook met 'n bepaalde werklikheid in die hede ooreenstem; dit is dus meer hede- as verlede-gerig en ondergaan aanpassings na gelang politiese en sosiale omstandighede verander. Dat Naidoo hom nie veel steur aan die funksie en betekenis van mites in 'n samelewing nie, is 'n ernstige tekortkoming in die werk.

Ander aspekte doen ook afbreuk aan die publikasie: in hoofstuk 3 byvoorbeeld stem die voetnootnommers in die teks nie ooreen met dié wat agter in die boek aangegee word nie. Die aanbieding sou oor die algemeen ook by groter redaksionele sorg gebaat het.

Vir die gewone leser sal Naidoo se uiteensettings waarskynlik heelwat gewig dra. Tog is dit uit 'n akademiese oogpunt minder geslaagd.

*ALBERT GRUNDLINGH*
*Universiteit van Suid-Afrika*